

**6 Maart**

**God genees op grond van sy medelye en nie op grond van ons vroomheid nie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 20:1-11**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 20:5**

Die geskiedenis leer ons dat Hiskia 'n Godvresende koning was. In vers 8 word hy as 't ware in dieselfde asem as koning Dawid genoem. Mens sou dus dalk met reg kon sê dat hy baie goeie dade in God se oë gedoen het en dat God hom om daardie rede sou gesond maak. Hiskia self het ook so gedink. Hoor hoe stapel hy sy goeie werke op in vers 3.

Ons teksvers gee egter 'n ander enkele rede waarom God hom genees. Dit lê in die woorde: "Ek het jou trane gesien." God doen dit slegs omdat Hy vir Hiskia jammer gekry het. Hy het medelye met hom gehad. Dit gaan dus alleen oor God se liefde en goedheid, en geensins oor Hiskia se vroomheid nie.

Ons is ook geneig om ons godsdienst en kerklike lewe vir God te wil aanbied as 'n rede dat Hy aan ons voorspoed sal verskaf. Hierdie gedeelte leer ons egter dat ons alleen op God se liefde en goedheid moet reken. Ons moet glo dat God groot en almagtig is. As Hy so groot is dat Hy die son se baan vir 'n paar sekondes kan omkeer, elke hemelliggaam met die onmeetlike groottes en afstande met sy vingers 'n plek gegee het (vgl. Ps 8), hoeveel te meer sal Hy die vermoë hê om 'n wond met 'n vyekoek te genees?

Sy liefde het Hy klaar vir ons in Christus bewys. Kom ons glo nou in sy alvermoë en medelye, dat Hy as die almagtige Skeppergod die tyd en liefde het om ons as kleine mense met sy genesende liefde aan te raak.

*Psalm 8:1, 3, 4, 5*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*